



e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie

**Feesuitgawe 2013**
**Volume 15**

## GHOLFDAG

Magrietjie het in 2012 met die “Pink Drive” begin in samewerking met die Kankervereniging van Suid Afrika (KANSA). Vanjaar is daar op die tradisie voortgebou om ‘n gholfdag te reël met die idee om geld in te samel vir mense in nood. Die gholfdag het plaasgevind op 2 Augustus en was ‘n groot sukses. Na ‘n lekker dag op die baan het ons die spelers met pryse, eetgoedjies en baie pienk geskenkies bederf. Danksy al die spelers en borge het ons ‘n aansienlike bedrag vir KANSA ingevorder. Dit was ‘n voorreg om op so ‘n wyse ‘n bydrae te lewer aan die gemeenskap en ons, as die Pienk dames van Magrietjie, sal graag nog meer wil doen met ons volgende gholfdag in 2014. Die volgende gholfdag in 2014 word weer beplan vir Augustus. Ons wil almal graag motiveer om saam met ons volgende jaar se geleentheid nog groter en beter te maak. As ons almal saamwerk kan ons nog meer lewens aanraak en ‘n verskil maak.





## NUWE HK

Die nuwe HK span van 2013/2014 is op 12 Augustus bekend gemaak. Hierdie 12 dames is almal reg en opgewonde om Magrietjie se naam verder uit te bou. Na ‘n wonderlike HK kamp en ‘n hele paar suksesvolle geleenthede reeds agter die rug, is die groep gereed om 2014 ‘n groot jaar te maak. Volgens die nuwe Primaria, Michelle Kruger, borrel die nuew HK oor van Pienk passie en liefde vir die Pienk Paleis.



## ARGIEFOPENING EN INTERNE PRESTIGE

Die jaarlikse argiefopening en interne prestige toekennings het plaasgevind op 2 Oktober. Geklee in semi-formele uitrustings vir die aand het die Magrietjie dames uitgehang om die aand se verrigtinge saam te geniet. In die argief is grappies gemaak oor snaakse fotos gevolg deur die interne toekennings waar ‘n luide applous aan die presterende dames gegee is.





Die volgende GrietGriet word uitgegee in Maart 2014.

*GrietGriet is also available in English - please let us know if you’d prefer the English version.*

**ONS BRING EKSAMEN VLUGBAL TERUG**

Elke dag gedurende die eksamen gaan die Magrietjies afgaan grasperk toe om saam vlugbal te speel. Die idee is om ‘n bietjie weg te kom van die boeke en vars lug te kry.

Spikkels van die Jaar:
Ingrid Shivambu en Chantel Kotzé



Magrietjie van die Jaar:
Nontobeko Skhosana



## SERENADE!

Hierdie jaar het Magrietjie die gehoor se hare laat rys met die tema 'Evil queens'. Die inspirasie vir hierdie idee het van die eeu-oue sprokiesverhaal, Sneeuwitjie, gekom. Heelwat eerstejaars het deel gevorm van die Serenade groep hierdie jaar. Danksy die puik optrede is Magrietjie aan die einde van die aand met 'n 3de plek beloon. Ons is baie opgewonde oor volgende jaar aangesien Magrietjie, met so 'n sterk eerstejaarsgroep, net nog beter kan vaar.



## KULTUURWEEK

Kultuurweek 2013 het op 'n hoë noot geeïndig op Magrietjie se voorstoep. Vanjaar se Huisdinee het buite in die opelug op die grasperk plaasgevind. Dit was 'n ongelooflike aand gevul met glimlagte, fotos en baie dans. Die ongelooflike kultuurweek het afgeskop met 'n 'social' saam met ons nuut aangewysde Joolkoshuis, Kollege. Dit is gevolg deur die jaarlikse Mnr Magrietjie met die tema "Black, White and Lights" en 'n paar aantreklike manne wat oor die blad paradeer het. Die week het verder baie goed verloop met 'n besondere kultuuraand saam met Sonop met 'n "Holi One" tema (Iendiese fees waar die mense mekaar met poeierverf gooi.) Hierdie gebeurtenis het sy merk gelaat deurdat die straat ingekleur is in skakerings van blou, oranje, groen en geel.







## SPORT

Magrietjie is besig om naam te maak met ons sport. Die jaar het ons 2de in die sokkerliga geeïndig deur Madelief 1-0 te wen in die semi-finaal. In die netballiga het Magrietjie skoonskip gemaak deur Vividus Dames in die finaal van die B-liga te wen asook die promoveringswedstryd teen Inca. Die ander dameskoshuise moet op die uitkyk wees vir Magrietjie.






## ZOEPWEEK

Hierdie jaar se Zoepweek was nogal interessant aangesien die rolle omgeruil was met ons wat ons Joolkoshuis moes beïndruk. Die week is opgetooi deurdat ons Magrietjie se palmbome versier het met wit en swart lap (Kollege se kleure). Volgende op die program was 'n spesiale serenade vir Kollege en 'n 'Goeie More' met koffie en koekies. Laaste, maar glad nie die minste, was dit weer tyd vir die Groot Ja. Danksy die spesiale bederf kan Kollege nie uitgepraat raak oor hul nuwe Joolmaats nie.







## POT EN PONS

Op 12 Oktober het al die koshuise bymekaargekom om hul eerste amptelike geleentheid saam met hul nuwe Joolkoshuis aan te pak. Die dag het reeds om 05:00 begin toe die onderskeie spanne hul stalletjies begin opslaan en versier het. Toe die hekke om 15:30 oopmaak, is TUKS se joolplaas in 'n feesterrein omskep. Oral het die beoordelaars rondgeloop en die gehalte en smaak van die spanne se Potjies en Pons beproef. Die atmosfeer in elke stalletjie asook die tema wat daarmee saamgegaan het is ook in aanmerking geneem tydens die beoordeling. Magrietjie en Kollege se besluit om op die atmosfeer, eerder as die tema van die stalletjie te fokus, het gemaak dat die "Coalition" die gewildste stalletjie op die terrein was.







## VOLGENDE OP DIE KALENDER:

- Welkomweek: 17/18 - 26 Jan
- Ienkmelodienk: 25 Jan
- JOOLweek: 27 Jan - 2 Feb
- JOOLoptog: 2 Feb



Hierdie weergawe van die GrietGriet is saamgestel deur die redaktrise, Joalise Janse van Rensburg.

*~ Memories: a way of holding onto the things you LOVE, the things you ARE and the things you never want to LOSE ~*

Ek hoop om julle herinneringe van Magrietjie lewendig te hou met GrietGriet.

As u enige iets met ons wil deel kontak ons gerus by magrietjie@up.ac.za

Ons sien uit om van julle te hoor!

## SPIKKEL-INLIGTINGSDAG!

Die nuwe HK van Huis Magrietjie het op 19 Oktober vroeg die oggend reeds begin regmaak vir 2014 se Spikkels. Die Spikkels is met ope arms ontvang met kolwyntjies, koffie, tee en 'n spesiale verassingspakkie. Na 'n rustige kuier op die gras het almal saal toe beweeg vir die formele verwelkoming en voorstelling van die HK en Huisouers. Na die formaliteite is die Spikkels en hul ouers op 'n toer deur Magrietjie geneem om al die fasiliteite te sien. Die HK en Spikkels van 2014 is baie opgewonde vir die jaar wat voorlê en kan nie wag vir die verwelkomingsweek in Januarie 2014 nie.







## EKSTERNE PRESTIGE



Trots geklee in pienk het Magrietjie dames by die jaarlikse Eksterne Prestige geleentheid opgedaag. Op 9 Oktober 2013 in die Rembrandtsaal ontvang Magrietjie bykans elke toekenning op kulturele gebied. Onder luide toejuiging ontvang Christine van Aswegen die besondere toekenning van Eksterne Kultuur HK 2012/2013. Met die gesogte prys reeds ingepalm, is die platform geskep vir die volgende twee kultuurtoekennings: Eksterne Kultuur koshuis van die Jaar en KULTUUR KOSHUIS VAN DIE JAAR! Dit is het einde niet – Magrietjie ontvang ook die Direkteurstrofee vir Uitnemendheid. Hierdie toekenning word gemaak vir 'n "goed-gebalanseerde koshuis, wat 'n werklike verskil maak aan die lewens van die koshuisinwoners, TuksRes en UP". Voorwaar het elke Magrietjie haar bes gedoen en sodoende het die koshuis op elke gebied presteer! Wat betref die groot algehele prys van Koshuis van die Jaar het Magrietjie met die 2de plek weggestap.

Koshuis van die Jaar toekennings: 1ste Curlitzia, 2de MAGRIETJIE, 3de Erika.

## UIT ONS SKATKIS…

Moya Morton skryf: "Hoop alles gaan goed in die pienk hotel. Ek sien ons het werklik goed gedoen in kultuur die jaar! So trots!"

Mia Roux skryf: "Ongelooflik baie dankie vir die nuusbrief. Geniet die week!"

Chris Lombaard skryf: "Aan die Magrietjiespan, dankie vir 'n wonderlike gholfdag!! Die was 'n baie lekker dag en ek sal verseker volgende jaar weer kom."

Steph en Marinda skryf: "Dankie vir die 'super' gholfdag! Ons het regtig die dag baie geniet. Baie sterkte vir die projekte wat nog kom."

*Red: Dankie vir julle terugvoer. Ons wens jul 'n wonderlike vakansietyd toe saam met julle gesinne, asook 'n geseende kersfees en nuwe jaar!*

**Tot weersiens in 2014...**